

ALGEMENE JAARVERSLAG

1 April 2025 – 31 Maart 2026

Stilbaai Bejaardesorg – Huis Stilbaai, 'n Program van BADISA

'n Gesamentlike Bedieningsaksie van die

NG Kerk (Wes- en Suid-Kaap) en VGKSA (Kaapland)



Perlemoenlaan 6, Stilbaai, 6674

Tel: 028 7541560

www.huisstilbaai.co.za

Geregistreeerde Organisasie sonder Winsoogmerk - Registrasienommer: 011-891

Ons waardes

- Diensbaarheid
- Geregtigheid
- Uitnemendheid
- Rentmeesterskap

Ons missie

“GEANKER IN JESUS, LEWER ONS 'n BEHOEFTEGEDREWE DIENS AAN OUER PERSONE MET TOEGEWYDE PERSONEEL EN VRYWILLIGERS IN SAMEWERKING MET ANDER ROLSPELERS.”

Voorwoord

Huis Stilbaai het gedurende die afgelope jaar verskeie uitdagings suksesvol bestuur. Ten spyte van vele fondsinsamelingsprojekte – met die spesifieke doel om fondse vir ons nuwe sitkamer te genereer – asook kritieke infrastruktuur-instandhouding, insluitend die opgradering van die kombuis en die verf van die versorgingsafdeling, het ons die hoë standaard van sorg deurlopend gehandhaaf.

Ons erken en waardeer graag die insette van Huis Stilbaai en Feedem se personeel vir hul daaglikse pligsgetrouheid met die direkte en praktiese versorging van ons inwoners sowel as die noukeurige nakoming van die daaglikse huishoudelike take, die administratiewe take asook die finansiële prosesse.

Ons betuig ons dank aan die plaaslike gemeenskap vir die finansiële skenkings, goedere en praktiese ondersteuning wat direk bygedra het tot die suksesvolle opgradering van die kombuis.

Ons waardeer die deurlopende voorbidding vir Huis Stilbaai.

Huis Stilbaai is trots Badisa en gee die hoogste eer aan ons Hemelse Vader vir Sy getrouheid wat hierdie tehuis daaglikse seën met Sy goedheid en guns.

Johan Kok – Voorsitter, Beheerraad

BEHEERRAAD

Ons opregte dank aan ons Beheerraad wat vir die tydperk April 2025 tot Maart 2026 met ywer en toewyding diens aan Huis Stilbaai gelewer het.

Ons beheerraadslede was:

- | | |
|--------------------------|--|
| • Mnr. Johan Kok | Voorsitter |
| • Me. Karlien Saayman | Bestuurder |
| • Mnr. Evan Johnson | Ondervoorsitter |
| • Me. Hentie van Heerden | Versorging/Personeel/Finansies |
| • Me. Cornelia Giliomee | Maatskaplike Werker: Badisa - Stilbaai |
| • Me. Sannie Volschenk | Huishoudelik |
| • Me. Alet Rheynders | Versorging |
| • Mnr. J.G. Loots | Instandhouding |
| • Me Riana van Rooyen | Huishoudelik/Bemarking |
| • Me Hennieline Botha | Notulerende Sekretaresse |
| • Me. Waltie Basson | Voorsitter Inwonerskomitee |

Die beheerraad en die onderskeie subkomitees vergader kwartaalliks.

Subkomitees

Inwonerskomitee, Personeelkomitee, Versorgingskomitee, Finansiële Komitee, Inligtingskomitee (KI), Beroepsgesondheids- en Veiligheidskomitee, Instandhoudings- en Huishoudelike Komitee (waarvan die Inwonerskomitee 'n subkomitee is), Bemarkingskomitee.

Ons het einde Maart 2026 nuwe Beheerraadslede verwelkom na die vertrek van Evan Johnson, Sannie Volschenk, Alet Rheynders, Riana van Rooyen en Hentie van Heerden.

Maggie Steyn, Joanie van Niekerk, Marisa Fox en Christiaan Burmeister is nuutgekose beheerraadslede wat reeds hul plek ingeneem het.

BESTUURDER



1 Hoofverpleegkundige
2 Geregistreerde Verpleegkundiges
2 Stafverpleegkundiges
3 Assistentverpleegkundiges
28 Versorgers

1 Finansiële Beampte
1 Senior Administratiewe Beampte
3 Administratiewe Beamptes
2 Ontvangsdames
1 Faktotum
1 Tuinier

Voedseldiens, Washuis en Skoonmaakdiens

uitgekontrakteer aan **Feedem** en bestuur deur Me. Hanelie Grewe.



Ons spreek ons dank uit teenoor al Huis Stilbaai en Feedem se personeel.

Die **FEEDEM** span het nie net daaglik wasgoed gewas en skoongemaak nie, maar ook die afgelope jaar 75 806 etes voorberei.

Feedem behartig verskeie funksies en verskaf ook heerlike Sondagetes teen sakpaspryse. Kerrieafval word tweemaandeliks vir die Afvalgilde voorberei.



Inwonersprofiel op 31 Maart 2026

Die gesamentlike inwonersprofiel van 110 inwoners op 31 Maart 2026 is soos volg:

Groep 1	-	57 (onafhanklik)
Groep 2	-	15 (semi-onafhanklik)
Groep 3	-	38 (verswakte bejaardes)

'n Totaal van 18 nuwe intrekkers het by ons aangesluit gedurende die 2025/2026 finansiële jaar, 12 inwoners is in hierdie tyd oorlede en 6 het uitgetrek om nader aan hul familie in ander dele van Suid-Afrika te woon.

MyBadisa

MyBadisa is 'n volledige administratiewe sagteware-ondersteuningstelsel wat in Januarie 2026 geïmplementeer is. Die stelsel is in samewerking met Badisa ontwikkel vir alle Badisa-programme en maak gebruik van kunsmatige intelligensie.

Dit is 'n kragtige stelsel wat waglys-, inwoner- en personeelinligting hanteer en gerig is om administratiewe take en prosesse elektronies binne 'n veilige raamwerk te bespoedig en te vergemaklik. Aanlyn aansoeke vorm die basis waarvandaan die Badisa-protokol gevolg word in die elektroniese hantering van keurings- en evaluasiedokumente en die uiteindelijke opname.

Personeel verkry toegang tot inligting relevant tot hul spesifieke rol deur middel van sekerheidsvlakke wat deur die administrateur toegeken word. Verlofaansoeke, onder andere, kan aanlyn geskied vir die betrokke bestuurder om dit op die platform goed te keur.

Huis Stilbaai se waglys- en inwonersdatabasis is reeds volledig opgeneem in Adaptive AI Ventures se MyBadisa-sagteware en opleiding vir personeel sal binne die eerste twee kwartale van 2026/2027 geskied.

Verslag van die Inwonerskomitee

Die afgelope jaar is die vier geskeduleerde komiteevergaderings volgens Huis Stilbaai se jaarbeplanning gehou. Die vier informele kommunikasievergaderings met inwoners (gangvergaderings) het ook kwartaalliks plaasgevind en het 'n positiewe uitwerking gehad. Die alledaagse werksaamhede, verloop van bestuursake sowel as menslike bedrywigheide het vloeiend verloop en daar heers 'n tasbare gees van welwillendheid.

Aktiwiteite

- Tafelspeletjies word elke Dinsdagnamiddag aangebied en blyk taamlik gewild te wees.
- Die Babbelhoekie word steeds elke Donderdagnamiddag gehou en die bywoning is soms soveel as 20 persone.
- Die biblioteek word goed gebruik. Inwoners sorg dat die boeke altyd netjies en op hul plek teruggesit word. Die klein sonkamer bo Ontvangs word ook mooi versorg.
- In Julie is 'n muntlegging gehou met 'n opbrengs van R2 424. Hierdie bedrag is aan Huis Stilbaai se versorgingseenheid geskenk.
- 'n Uitstalling, "Toeka se dae", is gehou. 'n Oorvloed van handewerk, die meeste deur inwoners self gemaak, is uitgestal. Artikels het hekelwerk, skilderye, boeke, foto's en vele ander items ingesluit en het 'n dag van vrolike onthou en bewondering meegebring.

Nuwe intrekke word besoek

Tussen April 2025 en Maart 2026 het ons 18 nuwe inwoners verwelkom, wat twee egpare insluit.

Noodgeval-gereedheid

Gedurende Oktober tot Desember het vier inwonerskomiteeleders alle woonstelle en kamers besoek om te kontroleer of inwoners 'n plastieksakkovert aan die binnekant van hul woonstel- of kamerdeur opgesit het. Dit moet afskrifte van die volgende dokumente bevat: 'n mediesefondskaart, 'n chroniese voorskrif en 'n

identiteitsdokument. Hierdie dokumente, saam met 'n hospitaaltas of -sak, is noodsaaklik in 'n noodgeval.

Deur die jaar was daar 'n paar funksies, o.a. 'n besoek van kleuterskoolkinders, Bertie Barnard se graad 7-klas, 'n fotoreeks deur Brian Fraser, asook die SAPD wat 'n praatjie gelewer het oor bank- en kaartbedrog. Daar was ook 'n NSRI-inligtingspraatjie, 'n besoek van Kuumba, 'n aantal gaskunstenaars en verskeie sangers, waarvan sommige opbouende geestelike bydraes gelewer het.

Dit was die plig en voorreg van die inwonerskomitee om hierdie besoekers welkom te heet en ook na hul optrede te bedank.

In Augustus het Fynbos Apteek ons besoek vir die inwyding van die skadunette wat hul aan Huis Stilbaai geskenk het.

Soos verwoord in artikels 2.1 en 3.1 van ons konstitusie, is dit ons strewe om in hierdie Christelike tuiste altyd die gesindheid van Jesus Christus uit te leef en mekaar geestelik te dra.

Me. Waltie Basson – Voorsitter: Inwonerskomitee

Beroepsgesondheid en veiligheid

Gedurende die 2025/2026 jaar is Huis Stilbaai se Rampplan hersien en deur Hessequa se brandweerhoof afgeteken.

Twee suksesvolle ontruimingsoefeninge is gedoen sonder enige vooraf waarskuwing aan inwoners, personeel of die Buurtwag. Ontruimingsoefeninge word opgevolg met konsultasies met alle rolspelers (inwoners, personeel en ondersteuningsdienste) om moontlike probleme aan te spreek en voorstelle vir verbetering in ag te neem.

Engela Matthee – Senior Administratiewe Beampte

Fondswerwing

Die volhoubare bestuur van ons tehuis is intiem verweef met die vrygewigheid van die Stilbaai-gemeenskap, asook ons getroue donateurs en vrywilligers. Sommige

ondersteuners stap al 'n baie lang pad saam met ons, terwyl ander onlangs aangesluit het; elkeen se bydrae – klein of groot – maak 'n tasbare verskil.

Die deurlopende welwillendheid van ons donateurs verras ons telkens.

Sonder die onbaatsugtige ondersteuning en die sukses van ons jaarlikse basaar in April sou dit finansiële onmoontlik wees om hierdie tehuis volhoubaar te bestuur en sosio-ekonomies so 'n groot verskil te maak. Elkeen se lojaliteit maak ons hande sterk en verseker dat ons 'n veilige tuiste vir ons inwoners kan bied.

Huis Stilbaai betuig sy opregte dank aan elke individu, besigheid en organisasie wat deur die loop van die jaar 'n bydrae gelewer het om ons verhaal moontlik te maak.

Lara Kotze – Administratiewe Beampete

KUUMBA

Huis Stilbaai ondersteun graag Badisa Maatskaplik

se Kuumba projek.



Die volgende is 'n verkorte opsomming vanuit die geouditeerde state	2026	2025	2024
INKOMSTE	R 14 816 472,00	R 13 772 029,00	R 12 549 532,00
Losies - Tehuis/Woonstelle	R 12 853 005,00	R 11 529 398,00	R 10 491 110,00
Losies - Subsidie	R 417 263,00	R 346 183,00	R 410 005,00
Donasies	R 590 964,00	R 421 612,00	R 425 084,00
Fondsinsameling	R 515 340,00	R 341 358,00	R 359 308,00
Diverse Inkomste	R 439 900,00	R 1 133 478,00	R 864 025,00
Uitgawes	R 14 205 417,00	R 13 167 921,00	R 12 604 521,00
Menslike Hulpbronne	R 8 597 066,00	R 8 056 080,00	R 7 506 528,00
Vervoer	R 38 973,00	R 35 887,00	R 44 441,00
Munisipaliteit	R 1 404 974,00	R 1 256 737,00	R 1 005 392,00
Kantoor Uitgawes	R 706 426,00	R 558 026,00	R 656 935,00
Instandhouding	R 1 080 909,00	R 790 672,00	R 897 937,00
Versekering	R 150 364,00	R 119 021,00	R 119 021,00
Kruideniersware	R 1 460 524,00	R 1 452 311,00	R 1 364 079,00
Huishoudelik	R 211 713,00	R 336 179,00	R 329 957,00
Diverse Uitgawes	R 384 553,00	R 334 906,00	R 497 627,00
Waardevermindering	R 120 092,00	R 124 479,00	R 112 383,00
Bankkoste	R 49 823,00	R 44 967,00	R 37 569,00
Losiesgelde uit versorgingsfonds betaal		R 58 656,00	R 32 652,00
Netto Surplus vir die jaar	R 611 055,00	R 604 108,00	-R 54 989,00
Kapitale Besteding	-R 166 417,00		
Bedryfsurplus na kapitale besteding	R 444 638,00	R 604 108,00	-R 54 989,00
Beweging in spesiale reserwefondse	-R 26 452,00	-R 387 286,00	-R 41 390,00
NETTO SURPLUS/(TEKORT) VIR DIE JAAR	R 418 186,00	R 216 822,00	-R 96 379,00

Die geouditeerde state, soos voorberei deur Theron du Plessis, is ter insae beskikbaar by die bestuurder en kan op aanvraag ge-epos word.

Marlize Hodgman – Finansiële Beampte


Vrywilligers – Lara Kotze

Ons vrywilligers is die hande en voete wat ons elke dag ondersteun. Ons salueer elke vrywilliger wat hier by ons betrokke is. Mag God julle eie paaie ook gelyk maak.



Ons **Vriende-en-Familiekomitee** was weer staatmakers met “Bangers & Mash” by die hengelklub, pannekoekdae en SPAR se koek & tee tydens die Maand van die Bejaardes in Oktober. November het die inwoners ’n heerlike braai geniet.

Huis Stilbaai se **gholfdag in Desember**, geborg deur Johan Henn van **AIP Capital**, was 'n hoogtepunt en ons is baie dankbaar vir die fondse wat ingesamel is vir die opgradering van ons kombuis wat in Januarie en Februarie plaasgevind het.



BASAAR 2025

Basaar 2025 het vir groot opgewondenheid gesorg en al ons sameroepers en personeel het hard gewerk om 'n sukses van die dag te maak.





Versorging

Die afgelope kwartaal het met uitdagings gepaardgegaan wat die gemiddelde persoon sal laat opgee. In plaas daarvan om moeg en moedeloos te wees, het elke personeellid in die versorgingsafdeling die hand aan die ploeg geslaan.

Ten spyte van die daaglikse uitdagings het die natuur bygedra tot 'n moeilike tyd, wat egter ook 'n goeie leerervaring, 'n voorbeeld van spanwerk en uiteindelik oorwinnings meegebring het.

Elke persoon vanaf bestuursvlak, Feedem en Versorging het die ekstra myl gestap om te verseker dat optimale diens gelewer is ten opsigte van voeding, veiligheid en versorging. Ek wil egter 'n uitsondering maak: Die Feedem-span, onder leiding van Hanelie Grewe, het ons nie net van warm water voorsien vir die versorgingsdoeleindes van ons inwoners nie, maar ook seker gemaak dat elke inwoner warm, voedsame maaltye kon geniet.

Ons het ook met die versorgers van al vier die skofte vergader, wat nie net opbouend was nie, maar ook oor die algemeen die moraal van die versorgingspersoneel verhoog het. Dankie vir die gebede, bydraes en insette wat hierdie liefdesdiens makliker en meer bevredigend maak vir almal werksaam in die versorgingsafdeling.

Sr. Carine Turner – Hoofverpleegkundige

Ons Haarsalon

Knip, knip, “tease”, kam, “perm” en “blow-dry”, **1 652 afsprake** later is **Angie, Cathy en Jannie** hier in ons salon op hul pos.

Ons sê graag dankie aan hulle vir die lojale en positiewe ingesteldheid waarmee elke inwoner met waardigheid hanteer word.

Die Opgradering van ons Kombuis

Hierdie projek was voorwaar een van ons hoogtepunte. Danksy die lojale fondswerwing van **Hennie Slabbert en ons Vriende-en-Familiekomitee** was dit vir ons moontlik om in Januarie 2026 met die opgradering te begin. Die bestaande kombuis het verander in 'n "veldkombuis" in ons Ontspanningsaal om die stof uit die potte te hou.

Wat agtergebly het was 'n gekap, gestof, gekners van tande en vele manne op lere om te sien wat gaan nou regtig bo die kombuisplafon in die dakruimte aan. Vensters en deuropeninge is toegebou en oopgebreek waar daar nie openinge was nie. Na 'n paar weke het ons in verwondering gestaan oor die verandering en die blinknuwe toerusting wat hier en daar vervang kon word.



Uit die Kantoer

Die Libanees-Amerikaanse skrywer, Kahlil Gibran, skryf in Die Profeet: “*Herinnering is net ’n ander woord vir ontmoeting en om te vergeet, ’n soort vryheid.*”

Ons wil nie die afgelope jaar vergeet en vry wees van wat gebeur het nie, ons wil elke klein besonderheid onthou. Van die baie suksesvolle fondsinsamelingspogings tot die opgradering van die kombuis in Januarie 2026.

Ons wil elke inwoner onthou wat ons met eerbied gegroet het en ons wil onthou hoe God ons gedra het in uitdagende tye.

Ons wil onthou dat ons opgewonde was oor nuwe intrekkers en die geleentheid om nuwe families as deel van die groter Huis Stilbaai gemeenskap te verwelkom.

Ons wil elke personeellid wat ons familie hier is onthou as deel van ’n sterk span met kennis en ervaring uit verskeie velde, van beroepsgesondheid en veiligheid, administrasie, finansies, verpleging, versorging tot die “regmaak” van selfone en die TV se afstandsbeheer... daaglik.

Nou ja, as die personeel die vorige jaar die ekstra myl gestap het, het hulle dit hierdie jaar gehardloop! Volgende jaar oefen ons sowaar vir die naellope.

En dan kan ons werklik nie Feedem se lof genoeg besing nie. Ons staan telkens verstom as ons sien wat nie net uit ons opgegradeerde kombuis opgetower word nie maar ook voorheen uit ons ou kombuis en natuurlik uit ons tydelike veldkombuis in die Ontspanningsaal toe die gekap, gemeet en gepas begin het.

Party personeel het hulle ore toegedruk en party het gesê: “Nee die stof en die geraas is net te veel !” Party het gevra hoe lank ons nog in sulke stowwerige omstandighede moet werk en hoekom kan die manne van WAD konstruksie so raas.

En toe op ’n mooi dag in Februarie, toe kyk ons terug, en al die stof en geraas was hoewel vergete, tog die moeite werd. ’n Opgegradeerde kombuis met ’n nuwe uitleg en ’n reuse (werkende) uitsuigwaaier het ons begroet. **Ons is ons Vriende-en-Familiekomitee ewig dankbaar vir hul fondswerwing wat die opgradering moontlik gemaak het. Ons onthou julle elkeen by die naam.**

Ons onthou goed, maar wat ons definitief wil vergeet is dat die kompressor vir ons instapvrieskas op 16 Desember gebreek het (stukkend, onherstelbaar, afgeskryf, kapoet).

Ons was en is steeds vir Corné von Molendorff by OK ewig dankbaar dat hy ons bygestaan het te midde van 'n baie besige vakansieseisoen met vrieskasspasie vir Kersfees-kos. Voor ons kon aftel, 10, 9, 8... tot by 2026, was die nuwe kompressor in plek en die vrieskas se werking klopdisseelboom. Die nuwe jaar se roomys was gevries!

Vir die uittredende beheerraad sê ons graag dankie vir hulle tyd en insette. Saam het drie van ons Beheerraadslede 88 jaar vrywillige diens hier gelewer. Dit wil gedóén wees.

Ons het die afgelope jaar litte losgemaak om ons Sitkamerprojek wat nie net gepaardgaan met fondswerwing nie, maar ook baie nuwe maniere van digitale bemarking, van die grond af te kry.

In 2027 vier ons ons 40-jarige bestaan. Ons wil graag familie en vriende aanmoedig om vir ons R40 per maand te skenk spesifiek vir ons sitkamerprojek. Ondersteun ons asseblief en kontak ons gerus vir meer besonderhede.

Mag ons nog baie herinner word aan die goedheid van 2025/2026.

Aan ons Hemelse Vader bring ons die Eer.

Groete,

Karliën Saayman

Bestuurder

Ons sê dankie aan:

- Ons Hemelse Vader vir Sy goedheid en guns
 - Elke inwoner van Huis Stilbaai
 - Elke personeellid van Huis Stilbaai
- Feedem, ons voedsel-, washuis- en skoonmaakdiensverskaffer
 - Vrywilligers uit die Stilbaai-gemeenskap
 - Die Vriende-en-Familiekomitee
 - Familie en vriende van ons inwoners
 - Ons Basaarsameroepers
- Alle Donateurs vir hul Donasies en Skenkings

Psalm 27:1

“Die Here is my lig en my Redder, vir wie sal ek bang wees?”

Die Here is my toevlug, vir wie sal ek vrees?”



Uit toeka se dae...